



Tel: (+27) 12 804 - 8031
Faks / Fax: (+27) 12 804 - 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



Riglyne 2024 | Betreding van grond

VERKIESING: RIGLYNE VIR BETREDING

Met die oog op die Nasionale, Provinsiale en Plaaslike verkiesings op 29 Mei 2024 en met die wete dat verskeie politieke partye toegang tot plaaswerkers sal wil he, met die oog op werwing van stemme, word die riglyn uitgereik om lede by te staan in die hantering van die situasie.

Die eienaar, bestuurder of verantwoordelike persoon het die reg om toestemming te gee of te weier vir die betreding van enige grond of perseel. Die plaasprotokol moet in alle gevalle geld buiten waar die SAPD of ander rolspelers ingevolge punt a hieronder (noodtoestand) dringend moet optree. In sodanige gevalle moet daar wel so spoedig moontlik wel teenoor die eienaar hul teenwoordigheid bekend gemaak word.

Vir enige besoek aan die plaas moet die veiligheid van al die inwoners op die plaas in ag geneem word. Fito-sanitêre aspekte moet in ag geneem word tov die nodige gesondheidsregulasies en reëls van toepassing met die gevolg dat besoeke aan plase deur die eienaar daarvolgens ook gereguleer moet word.

Tipes betredings word kortliks hier uiteengesit:

a. **Betreding vir 'n noodtoestand**

Die SAPD en SANW sal altyd die reg hê tot toegang, maar het steeds toestemming nodig. In 'n noodtoestand sal die toestemming in sekere gevalle moontlik nie van toepassing wees nie, bv. as daar 'n brand is wat lewensgevaar inhou, kraglyne wat omgeval het en gevaar inhou vir mense of diere of waar daar 'n veiligheidsrisiko is en die SAPD moet toegang verkry.

b. **Amptelike besoeke deur staturêre instellings vir bv mynbou impak studies of departementele besoeke, grondeise kommissaris ondersoek ens.**

Amptelike besoekers wat grond wil betree vir besoeke aan die plaas moet toestemming vra ingevolge die plaasprotokol en moet die reëlins sodanig wees dat dit billik is, maar wel op voorwaarde dat die werksaamhede van die plaas nie enigsins benadeel word nie. Duidelike identifikasie moet beskikbaar wees alvorens iemand toegelaat behoort te word. Duidelike voorwaardes vir die duur van die besoek, die roete wat gevolg moet word en ander voorwaardes wat billik moet wees kan gestel word. Vrywarings-dokumente en ander amptelike vorms kan vereis word voor die besoek toegestaan word en moet deur beide partye onderteken word.

c. **Betreding van besoekers vir besoek aan grafte godsdienstige, maatskaplike of gesondheidsredes**

Diesulkes moet ook toestemming kry en 'n ooreenkoms word dan gesluit vir die besoek. Voorwaardes moet billik wees en die reg van toegang kan opgeskort word as daar nie aan die voorwaardes voldoen word nie en kan daar op geen wyse aanspraak gemaak word om arbeiders uit die produksieproses te haal nie.

d. Betreding vir besoeke vir politieke werwing

Wanneer toegang versoek word vir politieke werwing moet dit duidelik gemaak word dat die werksomgewing nie daar is vir politieke partye om hul werwing te doen nie. Die eienaar het 'n verantwoordelikheid om die werksplek wat inderdaad die hele plaas behels veilig en gestabiliseer te hou sodat daar in harmonie gewoon en gewerk kan word. Die politieke partye kan na ure op gemeenskaplike grond hulle reëlings tref om wel die werkers te sien wat dan die werkers se keuse is om sodanige geleenthede by te woon al dan nie. Dit is nie die werkgewer se verantwoordelikheid om reëlings namens politieke partye te tref om hul werwingsaksies te kan loods nie.

TLU SA se lede moet verantwoordelikheid neem om hul eiendom of persele veilig hou en te beskerm en dat dit nie misbruik word nie. Toegang tot privaat eiendom sal en moet daarom baie streng beheer word.

Boere moet ten alle tye verseker dat hulle deurlopend die plaasprotokol toepas en die kennisgewingbord van betreding by die plaas se ingang daarstel.

Vir meer inligting tot die algemene riglyne rakende die onwettige betreding van grond, grondbesetting, veiligheid tov verdediging en hoe om op te tree in verskeie konflik situasies, klik hier:

https://drive.google.com/drive/folders/1nDQ8anzAeJ7HjeYWbtM9NIMKSe_1wRv?usp=sharing